MOUILLEPUNT 1961 - 1967

In 1961 het my ouers nie meer tydens die Parlementsitting in Akasiapark gebly nie. My pa het ‘n twee slaapkamer woonstel met ‘n baie lekker balkon in Kusweg, Mouillepunt, Kaapstad, gehuur in ‘n woonstelblok met die naam Villa Marina en ons het gewoon op die derde verdieping aan die Noord-Oostelike kant.

Ons woonstel was op die derde vloer van Villa Marina, links op die foto
Die woonstelle direk langsaan links was Sandringham

Villa Marina het behoort aan ‘n Konstruksie maatskappy, bekend as “Jack Varkel and Sons”. Vir ons as Afrikaanssprekendes was dit ‘n snaakse naam. Ons het later gehoor hulle spreek hulle van as “Waarkel” uit. Een van die “sons” het ook in Villa Marina gewoon, met sy vrou en jong kinders. Twee van ons seuns het in die tweede slaapkamer geslaap en ons het beurte gemaak om op die balkon te slaap. Ons seuns was maar meeste in die somer net in die vakansie daar en dit was lekker om buite te slaap. Ek onthou nou nog die reuk van die see as jy daar buite geslaap het ! Die balkon het ook ‘n pragtige uitsig gehad op die Atlantiese oseaan en Robbeneiland.

Uitsig van die balkon op Kusweg en die see. In Julie 1966 het die SA Seafarer gestrand by Drie Ankerbaai in die agtergrond

Meeste skeepsverkeer het tussen die kuslyn en Robbeneiland verby geseil. Soms as die Noord-Westewind sterk gewaai het was dit mooi om te sien hoe Irvin en Johnson se vistreilers teen die hoë deinings beur en hoe die water oor die skepe se boeë slaan.

Ook indrukwekkend was die vroeë oggend aankoms van die sogenaamde posboot van Engeland, wat deur die Union Castle Line bedryf is. Hierdie skepe se name het almal met Castle geëindig. So was daar die Cape Town Castle, die Pretoria Castle, Dunnottar Castle, Transvaal Castle, Pendennis Castle, Windsor Castle, ens. Hulle het passasiers en vrag vervoer. Na aankoms in die Kaap, is die skip met die kus op na Port Elizabeth, Oos Londen en Durban en terug om weer op ‘n Vrydag te vertrek na Southampton, Engeland.

RMS Windsor Castle

Al die Union-Castle Redery se skepe se rompe was geverf met ‘n kenmerkende ligte pers (“Lilac”) kleur met ‘n rooi waterlyn. Die bodek strukture was wit en dan die kenmerkende rooi skoorsteen met ‘n swart borand.

(Aan die begin van Januarie 1965, na ek in 1964 vir nege maande in die Vloot was is, het ons as gesin met die Windsor Castle Durban toe en terug gevaar. In Durban het my pa ‘n motor gehuur en ons het by ma se familie op Nottingham Road in Natal gaan kuier vir die dag).

Charl, Pierre en Francois in die eetsaal tydens ons vaart op die Windsor Castle

Ons nuwe tuiste in Mouillepunt het weer nuwe wêrelde vir ons oopgemaak tydens ons skoolvakansies daar. Ons het dikwels langs die Mouillepunt promenade verby die Mouillepunt vuurtoring en mishoring tot by Seepunt gestap om al die aktiwiteite te bekyk wat veral in die Desember en Januarie vakansies daar aan die gang was. Dan was daar die Kaapstad dokke, waar ons dikwels na die skepe in die hawe gaan kyk het. Deur ‘n permit by die kantore van die Union Castle Line te kry, kon ons ook aan boord gaan van die Castle Liner skip, wat op daardie stadium by die A-Dok van die Duncan Dok vasgemeer was. So het ons heelwat van dié skepe geïnspekteer. Ek herinner dat ons by geleentheid op die Windsor Castle, wat toe nog nuut was, vir die eerste keer ‘n jukebox met “seven single” plate, wat teen 45 opm gedraai het, gesien het. In Suid Afrika het al die juke bokse nog bakeliet 78 opm plate gespeel.

'n Lugfoto soos Mouillepunt, Groenpunt en Drie Anker baai nou lyk na die bou van die Groenpunt Stadion vir die Wêreldbeker Sokkertoernooi on 2010

Die nuwer deel van die dokke op daardie stadium was die Duncan Dok, waar die groter skepe aangelê het. Die ouer deel was die Victoria en Alfred Basins genoem, wat in stap afstand was van ons woonstel in Mouillepunt, met kusweg af verby die ou Somerset Hospitaal. Die sekuriteit was nie baie streng nie en met 'n mooi glimlag het ons toegang tot die hawe gekry. Dit is van dié hawe af waar die visserskepe en treilers van Irvin en Johnson (I&J) en ander visvang rederye geopereer het. In die ou hawe was ook skeepswerwe soos Louw en Halvorsen, wat hout visser skepe gebou het. Daar was baie aktiwiteit in dié hawe en vir ons as seuns was dit baie lekker om daar rond te loop en alles te bekyk. Daar was ook 'n droogdok, waar skepe herstel is. 'n Skip vaar die seewater gevulde dok met drie wande binne, waarna 'n hek aangebring word om die vierde wand te vorm. Die seewater word dan uitgepomp totdat die skip se kiel op stutte op die bodem tot rus kom. Die skip is nou uit die water en kan daar aan die romp en skroewe gewerk word. In die Duncan Dok was 'n groter droogdok vir groter skepe, wat ons ook besoek het.

In die Victoria dokke, soos ons dit genoem het, was daar 'n lang kanaal, wat die twee helftes van die dokke geskei het. Om van die een kant na die ander kant te gaan moes jy ver omloop. Daar was gelukkig 'n ferrie wat jou kon oorneem. Jy moes met 'n trap teen die hawemuur afstap en dan het 'n man jou met sy roei skuit oorgeroei na die ander kant vir 'n pennie en hierdie diens het bekend gestaan as die "Penny Ferry". (Seker toe later 'n sent of twee na desimalisasie) Van die robbe wat in die hawe gebly het, het hulle ook op die steenwerk van die hawemure en op die rubber buffers teen die hawemure tuisgemaak en in die son lê en bak. Hier het my belangstelling in skeepvaart en mariene aktiwiteite begin en het toe al besluit ek wil na skool vir my militêre opleiding na die Vloot toe gaan.



‘n Lugfoto van Kaapstad met Mouillepunt op die voorgrond. Die foto is geneem na die Groenpunt Stadion vir die Wêreldbeker Sokkertoernooi in 2010 gebou is en die Metropolitan Gholfbaan her ontwikkel is.

In die Victoria dokke was daar ok ‘n Hawe Kafee. (“Harbour Café”). Bedags het dit maar baie gewoon gelyk, waar werkers seker iets te ete en te drinke gekoop het. Saans egter met al die liggies en weerkaatsing op die water is hierdie Hawe Kafee omskep in ‘n romantiese restaurant, wat bekend was vir die beste seekos van die Kaap. Ek het nooit daar geëet nie, maar ek weet die “groot mense” soos my ouers en hulle vriende, het by geleentheid daar geëet. Net die beste kreef, calamari, oesters en visgeregte was op die spyskaart.

Deesdae Staan die Alfred en Victoria Basins bekend as die Victoria en Alfred Waterfront, nadat ‘n deel van die ou hawe in ‘n toeriste attraksie opgegradeer is met hotelle, restaurante, ‘n akwarium en winkelsentrums. Die hawe is egter nog steeds ‘n werkende hawe, veral vir die visbedryf.

Die Mouillepunt promenade het net tot ‘n ent verby die Mouillepunt Ligtoring en Mishoring gestrek en nie tot by ons woonstelblok nie. Vóór on woonstel was seesand met baie seebamboes opdrifsels (en lastige vliegies) en baie rotse. Daar was egter ‘n klein sloep waarin ons met ons Lilo (opblaasmatras) geswem het. Tydens ons verblyf in Mouillepunt het ek kennis gemaak met die koue Atlantiese Oseaan. Ons was gewoond aan die warmer water van die Indiese Oseaan by Heroldsbaai. Ek het toe geleer van die verskille in seeplante en seelewe. In die kouer water kom baie seebamboese (Kelp) voor, asook kreef en perlemoen en natuurlik in die wintermaande loop die snoek.

So 500 meter wes van ons woonstel was die bekende Mouillepunt Ligtoring en Mishoring. As die Noordweste wind gewaai het en die koue fronte oor die Kaap inbeweeg het, was dit ook soms baie mistig langs die kus. Van ons woonstel het ons duidelik die diep dreuning van die mishoring gehoor, wat met ‘n bepaalde frekwensie geblaas het. Destyds was navigasiehulpmiddels nie so gesofistikeerd, veral nie vir kleiner vaartuie nie en was die mishoring ‘n bykomende waarskuwing as hulle te naby aan die kus gekom het.

Die Mouillepunt Ligtoring en Mishoring

Oorkant die Ligtoring was ‘n “Doll’s House” inry restaurant. Bestellings is deur kelners geneem, terwyl jy in jou kar bly sit het. Wanneer jou bestelling kom, draai jy die ruit so ‘n derde oop en haak hulle die skinkbord aan die ruit vas. Dit was baie gewild by jonger mense.

Op pad met kusweg na Seepunt is Drie Anker baai. Dit is ‘n klein baaitjie met boot huise in die promenade muur. Destyds kon jy veral by Drie Anker baai redelik goedkoop krewe van smouse met hulle waentjies koop. Die uithaal van kreef was nie so streng beheer in daardie dae soos nou nie.

(Op 19 Julie 1965 het die bekende Suid Afrikaanse digteres, Ingrid Jonker, by Drie Anker baai in die see ingeloop en verdrink. ‘n Jaar later, in 1966, het die SA Seafarer in ‘n hewige storm digby Drieankerbaai by Groenpunt op die rotse geloop. Gelukkig kon al die bemanningslede en 16 passasiers (insluitend ‘n ses maande oue baba) met Alouette helikopters van die SA Lugmag aan wal gebring en gered word. Die see het die skip heeltemal opgebreek. Ek was ten tyde van die seeramp op ‘n Vloot kursus in Simonstad en ons het na die ramptoneel gaan kyk. Ek skryf hierdie stuk oor Mouillepunt in 2016 en dit is nou reeds vyftig jaar gelede !).

Die SA Seafarer

Nader aan Seepunt was daar groot grasperke waar inwoners ontspan het. Daar is destyds ook ‘n Putt-Putt baan daar gebou. Dit was 18 gaatjie bane van steenwerk en matte, met baie kurwes en draaie en

obstruksies om dit moeilik te maak om die gholf balletjies van verskillende kleure in die gaatjie te set. By die kantoortjie het jy teen betaling ‘n setstok en balletjie gehuur. Indien jy daarin kon slaag om ‘n “hole in one” te slaan en dit deur jou medespelers by die bestuurder bevestig is, het hy ‘n toeter geblaas en het jy ‘n “free game” gewen.
(Seepunt se Putt Putt Baan bestaan vandag nog !)

Seepunt Putt Putt baan

Nog verder aan is die Seepunt swembad. Dit is ‘n groot swembad langs die kus en was gevul met seewater. Hierdie water is effens verhit, wat dit meer aangenaam gemaak het om daar te swem. Die Seepunt swembad het ook duikplanke van verskillende hoogtes gehad.

Seepunt Swembad

Nog ‘n bietjie verder aan was die Seepunt Akwarium, waar verkillende kleiner vissoorte in ingeboude tenke met deurstigings vensters te sien was. Ek dink nie daardie akwarium bestaan vandag meer nie.

Dit is hoever ons Seepunt te voet na die weste verken het.

Tussen kusweg, in die rigting van die ou Somerset Hospitaal en die Victoria dokke, en Fritz Sonnebergweg (hierdie straatnaam is nie aan my bekend nie en is seker later so vernoem), was daar ‘n negeputjie gholfbaan by die Metropolitan Gholfklub. Ons kon as nie-lede vir ‘n minimale fooi daar gaan gholf speel. Ons het ‘n ou stel gholfstokke by ‘n kollega van my pa en sy vrou, wat vriende van ons ouers was, persent gekry. Vir R5.00 het ek so ‘n klein gholfsak by die “Proshop” gekoop. Ons het ook ‘n paar ou balle saam met die stokke gekry, maar ook by die caddies wat verlore balle opgetel het gekoop. Ek het nie baie talent getoon in sporte waar jy ‘n raket, kolf of stok nodig het nie. Ek het darem so af en toe ‘n hou geslaan waarop elke gholfspeler sou trots wees, net om dit op te volg met ‘n hou in die ruveld. Dit het nietemin vir my die reëls van golf geleer en kon daarna ander se spel, veral later op die televisie, waardeer.

Die gebied direk Suid van Mouillepunt en Seepunt is Groenpunt, waar baie sportgronde geleë was, onder andere die hoofkwartier van die oudste rugbyklub in Suid Afrika, naamlik Hamiltons. Ek weet nie hoe aktief Hamiltons deesdae in die nuwe rugby bedeling is nie. Nadat die nuwe Groenpunt Stadion gebou is op ‘n deel van die Metropolitan Gholfbaan is daardie deel verskuif na Groenpunt en dit is steeds ‘n negeputjie gholfbaan.

VM is ons woonstelgebou in Kusweg, Mouillepunt, met die strand en rotse noord daarvan

Aan die einde van 1961 het ons neef Johann de Wet, by wie ons baie wintervakansies op Doornbult gaan kuier het, vir ons in die Kaap kom kuier. My oom Charles en tannie Sannie het hom na Klerksdorp gebring, waar hy by ons op die trein aangesluit het. Hy was ‘n jaar jonger as Francois en sou in 1962 na standerd 7 gaan. As plaaskind uit die Wes Transvaal het hy dit baie geniet in die Kaap en om saam met ons te loop na al die plekke wat ons toe reeds die vorige vakansies ontdek het. Sy pa het hom seker

genoeg sakgeld gegee, want hy het by geleentheid sommer ‘n “slab choclits” gekoop, wat ons oë laat rek het. Hy het dit darem met ons gedeel. Toe ons terug is Pretoria toe met die trein, het oom Charles en tannie Sannie hom weer op Klerksdorp op die stasie kom haal.

In April 1962 het oom Dantie en Tannie Bettie Marais en hulle kinders, wat baie goeie huisvriende van ons was, vir ons in die Kaap kom kuier. Ek kan nie onthou waar hulle gebly het nie, want ons woonstel was te klein, veral toe dit al begin kouer word het en ons nie op die balkon kon slaap nie. Ek onthou dat ons kinders een middag in die reën met die bus stad toe is om te gaan fliek. Ons het “Breakfast at Tiffany’s” gaan sien, met die temalied “Moon river”, gesing deur Danny Williams, ‘n bruinman van die Kaap, wat Engeland toe is om sy sangloopbaan te bevorder.

(Luister na dit op YouTube: https://youtu.be/VkyDYbMUPj4)

In Januarie 1963 het Cliff Richard en die Shadows in die Alhambra Teater in Kaapstad opgetree en ons het kaartjies redelik voor op die balkon gekry om na hulle te gaan luister. Ek was 16 jaar oud. In 2007 het ek en Johanna weer na Cliff Richard gaan luister, toe hy in Kirstenbosch, Kaapstad, opgetree het. Toe was hy al Sir Cliff Richard. Dit was 44 jaar later !

In ons skooljare was daar ‘n radiostasie bekend as Springbok Radio. Dit was ‘n kommersiële stasie van die SAUK, wat ook advertensies uitgesaai het. Die ontbytprogram is waargeneem deur Eric Eagan, ‘n Engelssprekende Jood. Sy program se naam was die Percolator Show, of so iets. Toe ons in Mouillepunt gebly het in een Januarie tydens die skoolvakansie, het hy sy program uit ‘n winkelvenster in die middestad van Kaapstad uitgesaai. Ons het per bus na hom in die winkelvenster gaan kyk. Dit was die eerste keer toe ek gesien het hoe ‘n radioateljee lyk en hoe so ‘n program met gesels en plate speel aangebied word.

Tydens my Vloot opleiding was ek ‘n paar weke op Gordonsbaai. Die Generaal Botha Seevaartskool vir opleiding van offisiere vir die kommersiële seevaart bedryf, was daar gesetel en deur die Vloot oorgeneem vir opleiding van kandidaat offisiere. Die kommersiële seevaart kollege is later na Granger Baai verskuif waar ‘n nuwe klein hawe gebou is. Die bouwerk aan dié hawe het plaasgevind terwyl ons in Mouillepunt gebly het. Dit is tussen Mouillepunt en die V & A Waterfront geleë. (Sien Google foto's)

My ouers het tydens my hoërskooljare van standerd 8 tot 10, gedurende my Vloot jaar en ook in my eerste drie jaar op Stellenbosch, tydens die eerste helfte van die jaar in Mouillepunt gebly.

In die tweede helfte van 1967 het my pa besluit om op 31 Desember as Sekretaris van Bosbou uit te tree en sou dus nie meer die verpligting hê om tydens Parlementsittings in die Kaap te wees nie en het hy die huurkontrak met Villa Marina opgesê. Hy is vir vyf jaar aangestel as Prinsipaal van die Bosbou Kollege op Saasveld, George en aan die einde van Desember 1967 het my ouers vanaf Pretoria en Mouillepunt Saasveld toe getrek.

Terug na Inhoudsopgawe